

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



**Gesinserediens saamgestel deur:
Dr. Ernst Endres – 10 Januarie 2021**

1. VOTUM

⁸Die woord van die Here is volmaak:
dit gee lewe.

Die onderwysing van die Here is betroubaar:
dit gee wysheid aan dié wat nog onervare is.

⁹Die bevele van die Here dui die regte koers aan:
dit bring blydschap.

Die gebod van die Here is helder:
dit gee insig.

¹⁰Die eise van die Here vir sy diens is goed:
dit staan altyd vas.

Die bepalings van die Here is reg:
elkeen van hulle is regverdig.

2. SEëNBEDE

Aan almal wat aan die Here behoort:
Genade en vrede vir julle van God ons Vader
en die Here Jesus Christus!

3. LOFLIED: LOOF DIE HERE GOD (LIED 222)

Loof die Here God
En prys Sy heilige Naam
Loof die Here God
Hy red my van die dood

Loof die Here God
En prys Sy majesteit
Hom kom toe die eer
En lof in ewigheid x 2



4. SKRIFLESING EN GEBED

Teks: Ps 18:29-48

Tema: Seisoen van reuse, rowerbendes en hoë mure!

Veldslae van 'n "warrior-king".

Dawid was God se "warrior-king". In 2 Samuel 21 word die veldslae van Dawid teen die Refaïete, die reuse van die Bronstydperk, beskryf en aan die einde van hierdie veldslae skryf Dawid Psalm 18 wat in 2 Samuel 22 opgeteken is.

Die vier veldslae teen die Refaïete. (2 Samuel 21:15-21)

Hoe groot was hierdie reuse? Koning Og se bed.

Die Refaïete was die reuse van die antieke tyd (Bronstydperk). In Deuternomium 3:11 kry ons 'n verwysing na die bed van koning Og, die Refaïet. Sy bed was van yster gemaak om sy gewig te kon dra. Die bed was sowat vier meter lank en amper twee meter breed.

Jisbi, die Refaïet se bronsspies.

Dawid en sy manskappe het teen die Filistyne gaan veg en Dawid het moeg geword. Jisbi van Nob, uit die geslag van die Refaïete, het toe gedink hy kan Dawid sonder moeite doodmaak.

Jisbi se bronsspies het byna vier kilogram geweeg, en hy het 'n nuwe uitrusting gehad. Seruja se seun Abisai het Dawid egter gehelp en die Filistyn platgeslaan en doodgemaak.

Toe het die manne van Dawid vir hom gesê: "U wat die lamp van Israel is, mag nie meer saam met ons na die oorlog toe uittrek nie, sodat die lamp nie doodgeblaas sal word nie." (v. 17)

Sippai, die Refaïet.

Daarna was daar weer oorlog teen die Filistyne in Gob. Daar het Sibbekai uit Gusa vir Sippai uit die geslag van die Refaïete verslaan.

Goliat, die Refaïet se spiessteel

In 'n ander geveg teen die Filistyne in Gob het Elganan seun van Jaäre-Ore-gim van Betlehem vir Goliat die Gattiet doodgemaak. Sy spiessteel was so dik soos die dwarsbalk van 'n weefstoel.



Die reus met twaalf vingers en twaalf tone.

Op 'n ander keer was daar oorlog in Gat. Daar was 'n lang man met ses vingers aan elke hand en ses tone aan elke voet; saam was dit vier en twintig. Hy was ook 'n Refaiet van geboorte. Hy het die Israeliete getart en toe het Jonatan, seun van Dawid se broer Samma, hom doodgemaak.

Aan die einde van hierdie veldslae skryf Dawid Psalm 18. Oor die veldslae teen die reuse van die antieke tyd skryf hy,

“My God gee lig as dit donker is om my. Met u hulp loop ek 'n (rower) bende storm en met my God spring ek oor 'n muur.” (Psalm 18:30 OV)

Die veldslae van 2021

Die jaar 2021 met sy unieke uitdagings lê voor ons. Van jou gaan verwag word om reuse te oorwin, om oor hoë mure te spring en om rowerbendes tromp-op storm te loop. In Psalm 18:29-48 skryf Dawid dat sy krag en bekwaamheid as “warrior-king” van God gekom het.

Om gereed te wees vir die seisoen van reuse, hoë mure en rowerbendes moet jy weet waar jou bonatuurlike krag en ongekende bekwaamheid vandaan kom en wat die omvang van die stryd is.

1. Weet wie jy is: jou identiteit?

- **God se gesalfde: “warrior-king”.**

Dawid is bo sy broers deur Samuel gesalf om God se “warrior-king” te wees.

- **Dawid was die lamp van Israel.**

U wat die lamp van Israel is, mag nie meer saam met ons oorlog toe uittrek nie, sodat die lamp nie doodgeblaas sal word nie. (2 Samuel 21);

“U Here, laat my lamp helder skyn”. (18:29)

- **Dawid het nie getwyfel oor sy lewenskoers.**

Wat God doen is volmaak, wat die Here sê is suiwer. Elkeen wat by Hom skuiling soek, beskerm Hy. (18:31)



2. Die vaardighede van 'n suksesvolle "warrior king".

- **Krag: oorlogsgordel met al sy wapens vir die stryd**
God omgord my met krag; Hy maak my pad voorspoedig. (18:33)
- **Standvastigheid: voete.**
Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok (veerkragtig); op hoë plekke laat Hy my stewig staan. (18:34)
- **Vaardighede: hande en arms.**
Hy leer my hande om oorlog te maak, my arms om selfs die stram-ste boog te span. (18:35)
- **Aanpasbaarheid: enkels.**
U het my ruim vastrapplek gegee, my enkels het nie geswik nie. (18:37)
- **Ondersteuning en beskerming: skild en regterhand van God**
Die redding wat U gebring het, was vir my 'n beskerming, u regterhand het my ondersteun; deur u hulp (humble, lowly victorious king) het ek sterk geword. (18:36)

3. Die intensiteit van die stryd: die oorwinning is 'n gegewe! (38-41)

U het my met krag omgord vir die stryd, U het my teëstanders voor my laat swig:

- Ek het my vyande *agtervolg* en *ingehaal*,
- Ek het nie omgedraai voordat hulle *uitgewis* was nie.
- Ek het hulle *verpletter*, sodat hulle nie weer kon opstaan nie.
- Hulle het voor my voete gesneuwel.

Samevatting:

Psalm 18:32 begin met 'n vraag,

"Waarlik, wie anders as die Here is God? Ja wie anders as ons God is 'n rots"

en Psalm 18:47-51 eindig met 'n belydenis as antwoord,

"Die Here leef! Ek loof Hom wat my rots is. Dit is God wat my die oorwinning gee. Dit is Hy wat aan sy koning groot oorwinnings gee en trou aan sy gesalfde betoon".



Die seisoen van reuse, rowerbendes en hoë mure lê voor. God leef, Hy is ons rots en Hy gee vir ons groot oorwinnings in 2021. **Amen.**

5. SLOTLIED: NEEM MY LEWE, LAAT DIT HEER

Neem my lewe, laat dit Heer

U gewy wees meer en meer

Laat my hart gedurig juig

En van dankbaarheid getuig

Neem my stem en laat my sing

U, my Koning hulde bring

Laat my mond deur U gena

Steeds die blye boodskap dra

Neem my goud en silwer Heer,

Niks noem ek my eie meer

My verstand en kennis moet

Slegs U werk op aard' bespoed.

Neem my wil, so swak van daad

Neig dit na U wyse raad

Neem my hart, vir U tot troon

Wil gedurig daarin woon.

6. SEËNBEDE VIR 2021:

²Mag die Here u gebed verhoor
op die dag van nood,
mag die Naam van die God van Jakob
u beskerm.

³Mag Hy u te hulp kom



uit die heiligdom,
u bystaan uit Sion.

⁴Mag Hy al u graanoffers onthou
en u brandoffers aanneemlik vind. Sela

⁵Mag Hy u gee wat u hart begeer
en al u voornemens laat geluk.

⁶Ons sal juig oor u oorwinning
en in die Naam van ons God
die vaandels ontplooi.

Mag die Here alles gee wat u vra.

7. OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer.

U as gesin kan EFT, of snapscan of via payfast in betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

